

8 September

Skrifgedeelte: Psalm 67
Fokusgedeelte: Psalm 67:8

Vertel aan ander

Soms dink ons die openbaring van God was in die Ou Testament net vir Israel bedoel en in die Nuwe Testament het dit ook uitgegaan na die ander nasies. Hierdie kort Psalm laat ons baie diep nadink.

God het sy volk materieel en geestelik ryklik geseën. Hulle het 'n goeie oesjaar gehad, genoeg om van te eet. Geestelik het Hy hulle versorg met alles wat hulle nodig gehad het. Hy het Homself in sy verbond aan hulle openbaar. Hulle was bekend met sy beloftes en sy eise aan hulle in hulle verhouding tot Hom. Hulle het sy reddingsdade en verlossingsdade geken en beleef. Dit alles het Hy uit genade vir sy kinders gedoen, sonder dat hulle dit verdien het. God het egter van ouds af 'n groter doel gehad met sy besondere optrede teenoor sy volk. Hulle moes van sy seëninge getuig teenoor ander. Hulle moes sy dae bekend maak na buite. Hy behoort as enigste God vereer te word deur alle volke, alle mense op aarde.

Dink vir 'n paar oomblikke vandag na oor al die onverdiende materiële en geestelike seëninge wat jy van God in jou lewe ontvang. Jou werk, jou inkomste, jou blyplek, jou familie en vriende, jou geloof in Jesus Christus, jou deel hê aan die ewige lewe en die inwoning en werking van die Heilige Gees in jou. Gee jy aan God voluit die eer vir al hierdie dinge? Getuig jy na buite teenoor hulle wat God nie ken nie van al sy seëninge in jou lewe? Wees vandag 'n bruikbare instrument in God se hand om sy koninkryk uit te bou sodat meer en meer mense Hom sal eer!

Sing: Psalm 66:1, 2 (1936-beryming)

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)